

Lekkerbekkie Nuusbrief

25 FEBRUARIE 2015 | UITGAWE 89



Inhoud:

- * Kinderstorie: Arno verjaar (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Luistervaardighede vir kleuters
- * Inkleurprentjie: Arno verjaar

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Arno verjaar deur Corlie Putter

Arno kuier by sy oupa en ouma op die plaas. Hy is baie opgewonde, want vandag is sy verjaarsdag en sy oupa het vir hom 'n spesiale geskenk. Nadat Arno klaar sy ontbyt geëet het, hardloop hy na sy oupa toe. "Kan ek NOU my geskenkie kry, Oupa?" vra hy opgewonde.

Arno se oupa lag lekker, en haal dan versigtig iets uit sy sak. Hy sit dit saggies in Arno se handjie. Dis... 'n eiertjie!

"Ek het die eiertjie in die veld opgetel," sê Arno se oupa. "Dit het seker êrens uit 'n nessie geval. Ek het gesoek, maar kon nie die nessie kry nie. Jy moet dit warm hou, Arno. Dalk broei dit uit!"

Arno truppel rond van blydschap. "Ek sal, Oupa!" roep hy opgewonde uit. Hy vou sy handjies rondom die eiertjie om dit warm te hou. In sy kamer sit hy die eiertjie saggies onder sy kussing.

"Ek wonder wat binne in die eiertjie is?" dink Arno. Hy wag en hy wag. Dit word amper tyd vir Arno se partytjie, maar nog steeds wag hy. Na ure se gewag begin die eiertjie uiteindelik kraak... 'n Piepklein snaweltjie en twee plat klein pootjies steek by die eiertjie uit!

"Dis 'n eendjie!" roep Arno uit. Hy probeer die eendjie optel, maar dit pik na hom, spring van die bed af, en waggel vinnig weg. "Kom terug!" roep Arno, maar die eendjie wikkel sy stertjie en verdwyn vinnig by die deur uit.

Arno soek oral, maar die eendjie is skoonveld! Toe dit tyd is vir Arno se verjaardagpartytjie om te begin, het hy nog nie die eendjie gekry nie. Arno wil skielik nie meer partytjie hou nie. Sy hartjie is te seer oor die eendjie wat weg is.

In die kombuis wag al Arno se maatjies vir hom met ballonne. 'n Yslike sjokoladekoek staan op die tafel. Maar Arno is te hartseer vir koek. Die maatjies begin sing "*Veels geluk liewe maatjie!*", maar Arno is nie meer lus om te verjaar nie. Hy staar net na die koek op die tafel.

Maar wat sien hy nou? Arno knip sy ogies vinnig en kyk weer. Hy is seker die sjokoladekoek het nou net beweeg! "Blaas uit die kersies, Arno!" roep die maatjies. Arno trek sy asem op, maar voor hy die kersies kan uitblaas, wip die koek skielik heen en weer op die tafel rond! En daar spring die klein eendjie uit die koek uit! Dis al die tyd waar die karnallie wegkruip!

"Daar is jy!" roep Arno bly. Hy tel die eenjie op en gee hom 'n stywe drukkie. Dit is die beste verjaardag ooit!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Luistervaardighede vir kleuters...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Anna Emm se “TIK TAK TOK” storie-CD's is spesiaal vir ons jonger maatjies (2-5 jariges) wat nou begin om na stories te luister. Die stories is kort en eenvoudig met makliker woorde en onderwerpe waarin kleuters belangstel. Dit is propvol lewendige byklanke en dieregeluide – spesiaal ontwikkel om vir kinders te léér luister. Hierdie week kan jy die TIK TAK TOK “hamper” aankoop @ slegs R200 (Sluit in: 2x storie-CD's, 2x A4 pretpakke, en 'n CD met 'n splinternuwe storie “Dis 'n plesier, ou Tier” wat oor rymwoorde gaan!

Luistervaardighede vir kleuters... storie-vir-storie!

Spesiale prys:
TikTakTok “hamper”
@ slegs R200!

Sluit in:
Twee CD's
(8 stories elk!)
+
twee A4 pretpakke
met inkleurprente
+
'n gratis nuwe storie
“Dis 'n plesier, ou Tier!”

Waarde R235
Aanbod geldig tot 2 Maart 2015

annæemm
kinderstories

(SPESIALE PRYSE SLEGS BY AGENTE)


Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n AnnaEmm agent in jou area! Aanbod geldig tot 2 Maart 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Arno verjaar illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za